

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

Ds. PJ Kriel

Begrafnis JG de Lange

27.05.2022

Inhoud Hierdie preek wys dat ons liefde vir God kan nooit vir God verlore raak nie. Dit is die magsdaad van God deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood uit: God skep 'n ewige lewe waarin ons en ons liefde vir God vir ewig vir God behoue is.

Skriflesing Skriflesing: 1 Kor. 15:1- 5, 12 - 28

Teks Teks: 1 Kor. 15:28 Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Homself ook onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.

Tema: Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

1. Christus maak dat ons liefde vir God en mekaar nooit 'n verlore liefde kan word nie. Ook nie die dood kan maak dat ons liefde vir God en mekaar verlore liefde is nie. Dit moet ons vanoggend weer vir JG en onself ontdek. In Christus is sy en ons liefde vir mekaar en vir god nooit verlore liefde nie.

In 1 Kor. 15 verkondig Paulus die bedoeling van Christus se opstanding as mens uit die dood met die volgende aankondiging: sodat God altyd alles vir alles sal wees. Die opstanding van Christus is 'n magsdaad van God waardeur God vir alles en vir altyd volkome God is.

Christus het op die derde dag, die Sondagoggend na Hy Vrydag gesterf het, as mens uit die dood opgestaan. Hy leef as mens vandag. Hy leef vandag as mens na liggaam, siel en gees. Hy is nie vandag 'n gees in die hemel nie.

Werklik mens. Dit is wie Christus was. 'n Mens wat werklik heilig en regverdig vir God geleef het. Nie 'n mooi rolmodel of draer van 'n menslike ideaal of 'n estetiese voorbeeld van menswees nie. Werklike mens.

Werklik dood. Werklik dood onder die oordeel van God. Nie 'n seremoniële of skyndood nie. Sy sy is met 'n spies oopgesteek en daar het water en bloed uitgekom. Hy is werklik Saterdag 'n lyk in die graf.

Werklik 'n leë graf. Werklik weer lewend mens op Sondag oggend, na liggaam siel en gees, deur die magsdaad van God die Vader op so wyse dat Hy tasbaar mens is, voelbaar mens tussen mense.

2. Daarom moet u hoor dat wanneer Paulus sê dit is die evangelie wat hy ontvang het en waaraan ons vashou, dan is dít die evangelie: Christus wie self God is, is mens vandag. Vandag, lewend na liggaam siel en gees! Christus is as mens nie vir God die Vader vandag verlore nie en net 'n gees nie.

Christus wás nie vir God mens nie. Christus ís vandag mens vir God.

In hierdie magsdaad van God word Christus die eersteling genoem. U mag hierdie benoeming nie sentimenteel so verstaan dat Jesus iemand was wat vir ons die

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

eerste keer gewys het wat ons moet doen nie: die eerste een wat voorgeloop het sodat ons agterna kan loop en maak soos Hy gemaak het en sê soos Hy gesê het nie.

As hier staan Eersteling, dan beteken dit die eerste Een wat kan en die laaste Een wat kan. Hy is die eerste Een omdat Hy die enigste Een is wat dit kan doen.

Hy was die eerste Een wat vir sondaars se sonde gely het omdat niemand voor die tyd dit só kon doen nie, en ook nie na Hom nie: dat Hy die lyding van God se toorn dra sodat sondaars nie weer in die toorn van God in gedompel word nie. Daarom beteken volg dat Hy ons laat deel in 'n lyding wat Hy die eerste en enigste keer vir ons gedra het. JG het nie en kon nie met sy dood die toorn van God gedra het nie.

Eerste beteken eerste geboet. Hy is die Eerste een wat só aan die kruis vir sonde gesterf het en ook die laaste een wat só gesterf het, 'n dood as boete vir sonde. Niemand gaan dit nadoen nie, niemand gaan dit met geestelikhede namaak nie. Net Hy sterf sy dood as boete vir sonde, sodat sondaars nooit weer in die woede van God sal sterf nie. Hulle wat in Christus is, boet nooit vir enige sonde wat hulle gedoen het nie. JG se dood kon nooit 'n straf gewees het nie.

Die Eersteling. Die eerste Een wat Godverlate sterf in die haat wat God vir sondaars en sonde het. Nie op so manier dat ons iets daarvan saam met Hom moet deel of saam met Hom moet beleef nie. Die eerste Een en enigste wat Godverlate sterf sodat niemand dit ooit weer hoef te ervaar om Godverlate te sterf nie. JG kon nie Godverlate gesterf et nie, al was hy alleen in die ongeluk.

Eersteling beteken dat ons so ingesluit is in alles wat Christus eenkeer en vir altyd ervaar en gedra het, dat ons altyd in die genade, liefde, goedheid en barmhartigheid van God leef en sterf.

Daarom beteken Eersteling ook die eerste mens wat werklik deur die magsdaad van God die Vader uit die dood opgewek is om elke dag tot vandag en tot in die ewigheid, tasbaar mens te wees. Maar in sy opstanding is Jesus nie die enigste nie. Hy sal elkeen van ons weer 'n heel mens laat maak, weer mense nie geeste nie.

3. Wat is die bedoeling van hierdie magsdaad van God die Vader?

Ons mag nie omdat ons self vandag in ons eie verlies en rou oor JG se dood dit weer so sien, dat die bedoeling van hierdie magsdaad van God net oor ons gaan nie.

Die doel van hierdie magsdaad is die verheerliking van God. Sodat God alles vir alles sal wees.

Niks kan God keer om die God te wees wat Hy vir sy kinders is nie. Die dood kan nie vir God 'n grens trek in die manier waarop Hy God is vir sy kinders nie.

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

So asof Hy ons maak en ons Skepper is, ons versorg in lewe, maar dan trek die dood vir God 'n grens op so wyse dat Hy nie meer vir sy kinders oor hierdie grens kan God wees nie.

Die dood kan nie die grens wees vir God om sy liefde, genade, barmhartigheid en goedheid aan sy kinders te kan meedeel op so wyse dat Hy ook net 'n magtelose toeskouer is voor die dood, waarin Hy net kan toekyk hoe sy kind vir sy liefde verlore raak nie.

Dit is die doel van die magsdaad van God om Christus uit die dood uit op te wek: sodat God altyd, vir alles, God is. God bly altyd God vir sy kinders. Die dood trek nie 'n grens vir God om God te wees nie. Daarom het die dood ook nie 'n grens tussen God en JG getrek nie.

4. Kan dit vir God só wees?

Ek maak jou die mens wat ek wil hê, Ek het in jou plek gesterf sodat Ek vir jou God kan wees, maar tot hiertoe en nie verder nie. Van hier af kan ek nie meer vir jou die God wees wat Ek vir jou altyd was nie.

Kan die dood God sy kinders ontnem op so wyse dat hulle in en na die dood vir sy liefde verlore is, omdat hulle nou net geeste sal bly en God hulle nooit weer as mense sal lief kan hê nie?

Daarom is die dood soos ons dit met JG vanoggend ervaar, eintlik 'n saak waarin God bevraagteken word: kan Hy nou en hier waar JG dood is, vir hom nog God wees?!

Christus se opstanding uit die dood is die krag waardeur God Christus as mens nie vir sy liefde verlore laat raak het nie, sodat daar nooit 'n situasie kan wees waarin God die Vader nie God die Vader is en bly vir Christus nie, en daarom ook nie vir almal wat in Christus is nie.

Dit kan nie. God is altyd, vir alles, God vir sy kinders!

5. Ons sien ons eie sonde as 'n magsmiddel waar ons self besluit waar en hoe ons God sal toelaat om God te wees.

Ons sien God as 'n God vir wie ons grense kan trek vir wanneer en hoe Hy vir ons God kan wees.

Paulus kom en sê dat as God só is: 'n God vir wie mense en die dood grense trek waaroor Hy nie kan gaan nie en waar mense vir sy liefde vervreem en verlore is, dan is ons as Christene die bejammeringswaardigste van alles mense.

Dit beteken die mees patetiese mense wat daar is.

Hoe pateties?

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

So pateties dat God julle as Skepper maak, dat Hy as mens vir julle sonde sterf sodat julle in sy liefde as Skepper kan leef – maar as julle sterf, verloor God sy kinders vir sy liefde en is alles wat Hy as God vir julle gedoen het, vir Hom as God verlore!

Die mees patetiese mense, want hulle God is so pateties!

Hy verloor almal wat Hy in en vir sy liefde maak aan en in die dood. 'n God wat altyd die hele tyd as toeskouer moet kyk hoe Hy vir elkeen wat Hy maak en liefhet, nie meer Vader kan wees nie.

6. Daarom kom Paulus 10 keer in 1 Korintiërs 15 met 'n retoriese tipe opmerking waarvan die antwoord elke keer 'n verontwaardigende “Nee” is.

Hierdie “nee” is seker een van die diepste geloofskrete en geloofsopstand wat in die Bybelboeke na vore kom.

Dit kan nie so wees nie, want dit is net gewoon nie so nie.

Deur die opstanding van Christus is God altyd alles vir alles. Hy is en bly God vir sy kinders, in lewe, in sterwe en in die lewe wat Hy weer aan hulle sal gee om weer, net soos Christus, mens te wees in die nuwe skepping.

Hy is Eerste. Hy het eerste uit die dood opgestaan om mens te wees vandag, na liggaam, siel en gees. En Hy sal dit met my deel: ek sal weer vir God mens wees na liggaam, siel en gees. So is God God vir JG, in alles en vir alles.

Niks van my menswees sal en kan vir God verlore raak nie.

7. Ons is in rou. Ons verlies is nie “iets” nie. Ons staan in die verlies van ons liefde vir JG. Ons kan nie meer die liefde met JG as mens deel nie.

Nie as seun, broer of vriend nie!

Hierdie verlies is ingrypend, want dit is werklik 'n grens. Ons liefde vir hom en sy liefde vir ons, sal altyd in ons gemoed en gevoel behoue wees, maar dit kan nie meer vandag met mekaar gedeel word nie.

In hierdie rou kan ons so oorweldig wees dat ons dink hierdie liefde is vir God ook verlore. Hy staan saam met ons voor hierdie grens as mede-simpatiseerder.

God kan dit nie met JG doen nie. Hy het sy liefde vir Hom geheilig met al die gebreke en tekortkominge daarvan, sodat sy liefde vir Hom in Christus heilig en reg was, en nou is hy en sy liefde vir God verlore nie.

God kan dit nie met hom doen of met hom laat gebeur nie. God is God, altyd vir alles in alles. Ook vir JG in lewe en dood.

Want as Hy dit met hom sou laat gebeur het, is Hy 'n patetiese God. En Hy is nie! Hy kan nie pateties God wees nie.

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

8. God vir alles God – vir altyd God! So behoue vir God dat ons dit ook weer met mekaar sal deel. Hy sal ons laat deel in dit wat Hy met Christus gedoen het, uit die dood opgewek. Mense wat weer in en met mekaar se liefde met God is!

Hoop!

Dit is wat God met hierdie magsdaad skep. En dit moet u nie maar net hoor op so wyse dat ons mekaar eendag in die toekoms weer sal sien nie.

Dit gaan oor die hoop op liefde. Kan ons mekaar as mense vandag so liefhê dat die liefde wat ons gegee en gedeel het met mekaar, vir ons nie 'n verlore liefde sal word deur die mag van die dood en die grens wat die dood trek nie?

Want liefde wat verlore raak, maak ons hopelose mense!

Dit is die hoop wat Christus ons gee deur die opstanding uit die dood: hierdie liefde wat ons met JG gedeel het, kan nie verlore raak nie, nie omdat ek dit deur herinneringe aan die lewe sal hou totdat ek eendag doodgaan nie.

Die liefde wat ons as mense vir mekaar het, is deur God in Christus geheilig en ons sal dit weer met mekaar as mense deel!

9. Watter krag gee dit ons?

Die krag om nét vandag mens te wees, nét ma, nét pa, nét kind, broer suster en vriend.

Nooit alles vir alles nie. Ons liefde is “net” liefde vir mekaar soos ons mens vir mekaar is. Dit is net wat ons vir JG kon wees en hy vir ons – nie meer nie. Daarom kan ons ook nie nou voel dat ons teenoor sy dood iets meer moet wees nie. Ons moet en kan ons magteloosheid voor en met sy dood aanvaar, sonder om ons liefde vir hom te verloor. Sy liefde en ons liefde vir hom is nou afwesig hier, maar hy sal met Christus uit die dood uit opstaan sodat hy en ons en God weer in mekaar se liefde as mense kan leef, nie as geeste nie

Ons kan nie met ons liefde meer en anders wees as wie en wat ons is as mense nie. Daarom mag ons nie in ons magteloosheid met JG se dood voel ons liefde kan en moes anders as net gewone liefde gewees het nie. Omdat god alles vir alles vir JG is, is ons liefde 'n liefde wat net doen wat nou nodig is, want ons kan nie vir mekaar alles vir almal wees nie. Dit is God vir ons en omdat God dit vir ons is, kan hierdie liefde waar ons maar net vir mekaar is en gee wat ons kan, nooit vir ons 'n verlore liefde word nie. Ons sal deel in wat Christus eerste vir ons gedoen het: uit die dood opgewek!

Kom ons neem van JG afskeid. Ons kan nie meer deel van mekaar se liefde wees nie. Die verlies is diep. Kom ons doen dit met die hoop dit is nie verlore nie. Hy en sy liefde is nie vir God verlore nie. In hierdie geloof is JG se liefde vir ons en ons liefde vir hom afwesig, maar dit kan nie verlore wees nie. God het dit vir ons 'n liefde

Christus laat ons deur sy opstanding uit die dood vir God en mekaar se liefde altyd behoue wees

gemaak waarop ons kan wag wanneer God weer alles vir almal sal wees, ook vir ons en JG!

In hierdie hoop op 'n liefde at ons nie moet agterlaat nie maar waarop ons wag om weer te wees, kan ons leef soos ons ook saam met JG geleef het, om vandag weer net mense vir mekaar en en God te wees in die sekerheid dat hierdie liefde van vandag sal God ook nie 'n verlore liefde laat wees nie.

God is God in alles, vir alles wat Hy ons in sy liefde laat wees en ons liefde vir Hom volkome maak met al ons gebreke. 'n Liefde waar ons vir ewig vir God behoue is en waarin God ons weer mense vir mekaar sal laat wees.

Kom ons neem nou afskeid van JG met die verwagting van liefde wat weer sal wees met Christus se koms: want God sal vir hom en ons altyd alles vir alles wees. Dit het Christus vir JG en ons deur sy opstanding uit die dood bewerk!